# Lesing 57 - 11 Mei 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 71 aan Daniel Grobbelaar op 08/01/19 23H30

"MY Geloftevolk, **die Gilgal-Vesting wat EK opgerig het, is die Herberg wat EK gestig het deur MY Gees en deur die gehoorsaamheid van MY troue knegte**. Waarom kom julle nie na MY Herberg nie? Waarom is julle so besig met aardse dinge en waarom jaag julle die winde van die wêreld na? Julle mors soveel tyd, waarvan daar nie veel meer oor is nie. MY kinders, EK roep: KOM BEHAAG MY met hart en siel!

EK wil MY Volk laat oorsteek deur die Jordaan en die Gordyn sal skeur! MY Glansrykheid en Barmhartigheid sal getuig word deur MY Skepping! Julle moet die roete van die Tabernakel volg tot binne-in die Allerheiligste, waar EK IS; en al hoe julle dit kan doen is **deur Bekering en 'n vurige LIEFDE vir MY, julle Gewyde Vader en Meester**. Julle is te gebonde aan die materie en julle vergader met bekommernis alle benodighede vir die komende oorlog. Dit sê EK: Ja, daar sal 'n groot gebeurtenis aanbreek in die hele geskiedenis van die Aarde en EK sal dit tot volle werking bring deur MY Gewyde Aparte Wil! Daar sal 'n **groot oorlog** kom en die Aarde sal bewe onder die Vuur van MY Toorn. Daar sal ook 'n **groot natuurramp** oor die Aarde kom en die elemente sal die Spraak van MY Mond gehoorsaam volgens MY Wil van Verlossing.

Die hele wêreld het afvallig geword en die Geloof van MY Volk JisraEL het byna uitgesterf en het oorgegaan tot eie-eer, eieliefde en gejaag na aardse rykdom. MY Volk het 'n nuwe geloof gekweek, 'n geloof in mammon en hierdie geloof is die braaksel in die beker van die basterhoer op die draak! Maar EK, JAHWEH van die Leërskare spreek en MY Stem sal weergalm oor die hele Aarde en in MY Barmhartigheid **het EK 'n Volk laat ontwaak aan die Suide:** MY Huis van Judah, MY **Oogappelstam** van JisraEL, die Stam van Dawid – **Die STAM VAN JAHSHUA!**

Binne hierdie Stam van MY het EK hierdie Herberg gevestig, waar 'n Huis van LIEFDE vir MY opgerig is en **waar klippe omvorm word tot harte van LIEFDE en Gehoorsaamheid**. Hier is waar EK die Anker van Verlossing weer gebring het en hier is waar EK MY Fonteine en Sluise weer oopgemaak het om MY kinders se siele en harte te voed met MY Water van die LEWE. **Sion is gebore en Sion is MY Eiendom waarin EK 'n welbehae het**. Maar wee die nasies wat MY Sion vervolg en wee julle wat MY in MY Aangesig uitdaag! MY Volk sal EK red en EK is aan hulle sy en waarom sal hulle vrees?

**MY Boerebruid!** Hoor die Stem van jou Bruidegom! HOOR! EK KOM! EK IS HIER! Nou moet Jy MY net raaksien met die **Seëlring in MY Linkerhand**. Maar sal Jy getrou wees aan MY en nie 'n ander man begeer deur ongehoorsaamheid nie?

ONS sal ONS kinders oprig en HERSTEL en MY Wil sal geskied en MY eer sal omhoog tot in alle Ewigheid verkondig word omdat EK IS WAT EK IS!

Die vestings en magte van MY teenstanders sal verpletter word en geen klip sal op klip gelaat word in MY Grimmigheid nie, want **GEEN opsetlike sonde sal voor MY Aangesig geduld word nie!** Wees gewaarsku, julle valse profete en dwaalmeesters; julle wat julleself aanstel met duister agendas teen MY Eiendomsvolk! Julle sal ten gronde gaan **en in MY Noag se Ark is julle nie!**

MY kneg, skrywe neer wat MY Boodskapper Gabriël jou gisteraand gewys het, want julle sal sien MY Boerevolk, julle sal sien dat EK IS ALMAGTIG en dat ALLE eer MY toekom! EK IS LIEF VIR JULLE, wees LIEF vir MY en staak julle ongeregtigheid en ongehoorsaamheid! Wees deel van MY Belofte aan julle dat EK julle sal verlos en genees. **EK sal julle Bekragtig met MY LIEFDE en MY Waarheid as Kroon op julle hoofde**. Dit is net EK wat julle kan red!"

Visioen ontvang 07/01/19 terwyl ek (Daniel) na oom Dirk van Vuuren se lesing luister:

Ek luister nog so na die lesing en eweskielik is ek in die gees weggevoer en bevind my in 'n klein bootjie in 'n groot draaiende kleurvolle oseaan wat soos 'n spieël glinster. Ek sien dat die Boodskapper Gabriel by my is en ek kyk mooi en ek sien dat ons eintlik op die Gilgal-Klipwiel is, maar is eintlik 'n "waterwiel" en die wiel draai en draai soos stormwaters, maar terselfdertyd is die waters soos 'n spieël en kalm. Ons bevind onsself in die middel van die Wiel in die rooi gedeelte en Gabriel sê ek moet my hand uitsteek in die water in. Toe ek my hand uithaal toe hou ek 'n beker vas vol gloeiende kragte wat soos vuurwarm kole en vuur lyk. Eweskielik word ek toe weggevoer op 'n groot Arend se rug en ek weet dat dit Gabriel is. Ek sien ons daal laag neer oor Tafelberg en Gabriel sê vir my dat ek die beker oor Tafelberg moet uitgiet. Maar ek sien intussen **op Tafelberg** hoe daar soveel bose geeste en demone versamel is en hulle rituele doen en vir VADER en SY volk in SY Aangesig uitdaag. Toe Ons laag oor die Berg is, toe giet ek die beker uit en ek sien toe hoe **daar gloeiende rotse en meteoriete neerdaal oor Tafelberg en die Aarde tref**. Die hele Tafelberg word uitmekaar geskiet en getref en ek sien hoe daar **wesens wat lyk soos skerpioene** vanuit die rotsskeure en gate onder Tafelberg uitkom en die bose geeste wat versamel het uitmekaar jaag en pynig. Ek sien gekners van tande en hoor die verskriklikste geskreeu van hierdie demone wat so gepynig word en oral sien ek hoe die hele Tafelberg verwoes word deur vuurkolomme en die gloeiende kole wat die berg totaal vernietig het.

***(Einde van visioen)***